

## **2018 Volksvergadering Referaat:**

### **'n Christen teokrasie as 'n alternatief vir die multikulturele demokrasie in Suid Afrika.**

29 September 2018

Wanneer ons kyk na regeringstelsels om die ideale sisteem te oorweeg, dan is die primêre vraag wat eers beantwoord moet word: aan wie se behoeftes en lewensingesteldheid moet ten beste voldoen word?

Reg oor die wereld en oor die geskiedenis van volke en nasies vind ons dat die wyse waarop die volkshuishoudings georden was, 'n sterk kulturele grondslag het. Ons vind dan dat daar in geval van westerse volke 'n verskuiwing plaas gevind het vanaf die totale gesag wat gesetel was in die monarg en/of adelikes (wat behou is deur familie opvolging), na al meer inspraak vanuit die onderdane.

Waar hierdie proses betyds en geordend plaasgevind het, is strukture ontwikkel waarvolgens inspraak van die burgers van so 'n land bevredigend bepalend geword het en koningshuise in sommige gevalle as tradisionele nasionale simbole deur die volk instand gehou word. Waar die proses nie sy loop kon kry nie en die monarg en adelstand te lank aan mag vasgeklou het, het opstand en revolusie gevolg wat uitgeloop het op die totale vernietiging van die koningshuis en het 'n republikeinse staatsordening sy beslag gekry.

Waar Europese lande dan ook vanuit 'n militêre magsoorsposisie ander minder ontwikkelde lande gekolonialiseer het en ander volke bestuur het volgens hulle regeringstelsels wat vreemd en onderdrukkend was vir die verowerdes, het dieselfde proses van opstand en verset ontwikkel wat later uitgeloop het op onttrekking en dekolonialisering. In hierdie proses het die ou kolonies dan 'n sterk invloed van die koloniale regeringstelsel oorgehou toe selfbestuur toegeken is. Hierdie geïnduseerde stelsels het egter nie altyd gepas op die kulturele behoeftes van die kolonies nie en is met verloop van tyd verwring en wanbestuur.

In ontwikkelde lande waar die toepassing van 'n demokratiese sisteem na behoefte ontwikkel het, was die oorspronklike Griekse model nie slaafs nagevolg nie maar het dit tog as 'n beginsel gedien. Die tempo waarteen die demokrasie in verskillende samelewings ontwikkel het en die mate waartoe die gevestigde stelsels verskil, was deur hoe en teen watter tempo die maghebbers die volk as geheel kon betrek by die nasionale besluitnemingsproses. Daar is egter 'n aantal gemene delers by westerse demokratiese bestuurstelsels:

i) Die stelsels het ontwikkel in die lande waar kulturele homogeniteit die uitvoerbaarheid daarvan houbaar gemaak het.

ii) Waar binne landsgrense diverse kulture bestaan, word homogeniteit geskep deur omlýning van die kulture groepe en die afwenteling van die sisteem sodat besluitneming binne kultuurgroepe bevredigend kan plaasvind (bv Switserland).

iii) Omdat godsdiens oortuiging, selfs binne kulture, 'n sterk moontlike bron is van politieke ontwrigting, word religieuse sake van volks politiek geskei met 'n beleid van godsdiensvryheid en gelykheid.

iv) Die sentrale tema van demokratiese ontwikkeling is dat elke burger 'n gelyke reg het tot nasionale besluitneming asook gelyke reg het op behandeling. Met betrekking tot hierdie basiese regte vind egter verskillende toepassings plaas.

v) Waar die meeste westerse stelsels ontwikkel het vanuit 'n monargie of oligargie deur die afbreek van die klassestand, het 'n nuwe onsigbare "klassestand" binne die demokratiese stelsels ontstaan deur manipulasie wat haalbaar is binne die stelsel.

Omdat demokrasie 'n meerderheid besluitnemingstelsel is maar waar 'n geringe aantal mense uiteindelik die kiesers verteenwoordig en die land namens hulle bestuur, laat die demokratiese stelsel toe dat hierdie verteenwoordiging gemanipuleer kan word. Die gewone kieser is jaloers oor stemreg maar die meerderheid weet min van politieke sake en is tevrede dat hul verteenwoordiger hul belange sal behartig. Dit laat die veld oop vir beïnvloeding en meningsvorming deur openbare media wat deur 'n groep manipuleerders besit word en landsbeleid in 'n sekere rigting wil stuur.

### **Demokrasie in 'n multikulturele samelewing:**

Terwyl hoogs ontwikkelde lande (soos bv. Switserland) die demokratiese stelsel nie toepasbaar gevind het oor kultuurgroepe heen nie en die stelsel aangepas het om grootliks binne kultuurgroepe beslag te kry, het hul nog eensins te doen gehad met die grootste natuurlike verdeler nie, naamlik rasse-groepe.

Die demokratiese stelsels van ontwikkelde lande bied die ideale geleentheid vir die liberale humanisme as denkskool om beheer te kry oor gevestigde waarde-stelsels. Hierdie denkskool is daarop ingestel om alle natuurlike behoueringsisteme in die volkssamelewing af te breek of oor die hoof te sien. Dit word selfs so ver gevoer dat wanneer dit gewaag sou word om die grootste natuurlike verdeler, naamlik ras, in aanmerking te neem in die ontwerp van 'n aangepaste demokratiese stelsel, dit dan krimineel teenoor die "reg van die mens" sou wees.

Die huidige heersende liberale humanistiese denke in "vrye" demokratiese stelsels van ontwikkelde lande waar die onvernietigbare koagilerende krag van ras oor die hoof gesien word, tesame met godsdiens gelykheid, skep 'n oop

pad vir demografiese verskuiwing in die multikulturele samelewings se vestigingspatrone asook politieke oorheersing van 'n rassemeerderheid in plaas van ongekontaminateerde meerderheidstem.

Dit is ook 'n bekende feit dat in gevalle van veerassige samelewings daar groot ontwikkelings diversiteit tussen rassegroepe bestaan. Binne die sogenaamde demokratiese stelsel in 'n veerassige samelewing sal waargeneem word dat hoe groter die ontwikkelingsverskille is, hoe groter is die koagilering binne groepe. Die eenvoudige gevolg hiervan is dan dat die dominante rassegroep bepalend word in politieke beheer en daar prakties geen sprake is van ongekontaminateerde denke nie. In so 'n geval (soos bv Suid Afrika) word minderheidsgroepe irrelevante randeiers wie se wil en stem nie tersake is nie. Die toepassing van so 'n stelsel onder die waan van gelyke regte vir alle kiesers, is moreel krimineel.

In die praktyk bestaan die minderheidsgroepe dan as belasting betalers en werkers wat gedegradeer word tot 'n onmagtige "slaweklas", uitgelewer aan die wil van die meerderheids rassegroep.

Wanneer ons dan na die toepassing van die demokrasie kyk vanuit 'n verwagting van regverdigheid en die handhawing van ewewaarde van burgers in die ordening van homogen volkshuishoudings, bring verwringing mee dat daar nie aan die verwagting voldoen word nie. By multikulturele en veerassige samelewings word die bedoeling van die demokrasie gekorrupteer deur die magsbeheptheid van meerderheids ras en kultuur groepering wat die demokrasie onuitvoerbaar maak.

### **Ontwikkeling in Suid Afrika:**

Die koms van die witman na die Kaap was die begin van die herversameling van protestantse christen gelowiges. Hul gewone lewenswandel was hiervolgens geklee. Hul was egter outokraties bestuur. Dit was dan ook hul begrip van reg en geregtigheid wat 'n groot aantal van hulle

onder hierdie stelsel uitgetrek het om geïsoleer te word as homogene, politieke, sowel as geloofsgemeenskap. Hoewel daar onder hulle nie altyd eendragtigheid was oor bestuursaspekte nie was daar wel eenheid in geloofsbeleid. Dis dan ook op hierdie trekp pad waar met die verkiesing van ampsdraers die demokrasie in die suiwerste vorm toepassing gevind het. Tog sou die charisma van leiers daar ook denke beïnvloed. Die ingesteldheid om GOD te verheerlik kom egter sterk na vore wanneer die demokrasie geredigeer word deur die inspraak van die HERE(JHWH) self.

Andries Pretorius het dan die moontlike persoonlike invloed geneutraliseer deurdat hy daarop aangedring het dat sy verkiesing aan die HERE(JHWH) se bevestiging met die lotsbeslissing onderwerp word.

Met hierdie religieuse onderworpenheid aan die OPPERMAG van die HERE (JHWH) was dit vir hulle ook natuurlik om by die HERE alleen skuiling te

soek. Hierin is hul ook deur die doop van die bloedverbond by Bloedrivier opnuut deur JHWH (die HERE) geïdentifiseer as Nuwe Verbondsvolk in wording om in die toekoms 'n volkshuis tot eer van die HERE te stig onderhewig aan die bede dat die HERE hul daartoe sal help.

Hoewel die jaarlikse herdenking skandelik nagelaat was, het die begeerte tot die stigting van 'n vreedsame, Godsgehoorsame volkshuis tog in die ZAR waarneembaar geword. Tot 1889 het die Grondwet onder andere bepaal dat:

- 1) Slegs wit mans van 30 jaar en ouer in die volksraad mag dien,
- 2) die volksraad was 'n eenkamer stelsel,
- 3) die stelsel partyloos was,
- 4) slegs lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk tot die volksraad verkies mag word.

In 1890 is hierdie bepaling verander. 'n Twee kamer stelsel is ingestel. Wit mans van sestien jaar en ouer kon verkies word. Die vereiste kerkverband is laat vaar. Die poging om 'n eensgesinde Godsvererende volkshuis in demokratiese verband te vestig was nie suksesvol nie.

Die volk het ook hul verbondsondernemings vergeet. Daarna is hul met geweld aan vreemde oorheersing onderwerp en oorspoel met die vrye vloei van die liberale humanisme.

Tog het die HERE(JHWH) 'n kiemplantjie in stand gehou. Deur groot genade is die Afrikaner /Boerevolk in negentien een en sestig weer deur die HERE(JHWH) onder soewereine selfbestuur geplaas. Hoewel die regeerders oor die algemeen Christen gelowiges was, en die Almag van GOD Drie Enig oor die staat en haar inwoners in die Grondwet in erkenning gebring was, was die oorskakeling na 'n Teokratiese stelsel as die beloofde huis van Bloedrivier, in niemand se gedagtes nie. Hierdie geleentheid wat gegee was in 'n periode van soewereine mag tot besluitneming het verby gegaan.

Die volk het haarself verheerlik en verhef in volksnasionalisme, militêre mag en materiële gulsigheid. Toe het JHWH(die HERE) Sy Verbondsvolk onderwerp aan die ergste graad van smaad en vernedering. Hy het leiers uit eie geledere gedring om die volk te verrai. Die ganse volk is onderwerp aan 'n onwerkbaar demokratiese stelsel waarin hul prakties geen invloed sou he nie. Die rassegroep wat die afgelope 300 jaar deur die volk self aan barbarisme ontruk is met betrekking tot 'n materiële westerse lewensstyl maar steeds onderworpe is aan pre-historiese groepsgebondenheid, sou nou verder met die gaping wat die demokrasie bied die alleen heersers wees wat na wil en wens minderhede "regsgeldig" kan terroriseer en plunder.

Deur die toedoen van gebrekkige en verwingde teologiese insig het teologiese voorgangers die onderskeidingsvermoë kortgekom om die vertrapping van die pêrels, soos deur CHRISTUS gewaarsku was in Mat.7:6, in vooruitsig te stel. So is die NAAM van die HERE(JHWH) en die erkenning van SY ENIGE bestuur en ALMAG met instemming van die meerderheid van die Afrikaner/Boerevolk, deur religieuse en "christen" politieke leiers geskraap en in 'n stelsel van godsdiensgelykheid saam met die gode van die heidene gedompel. Gevolglik is die ranke van die Geloftevolk vanaf die WINGERDSTOK afgekap(Jes.18) om te verdroog en in 'n toestand van GODSverlatenheid te verval. Hul het toeskouers en lotafwagtenes in hierdie multikulturele demokratiese bedeling geword. Ons volk word geteiken deur die onbeholpe heersersklas vanwê die hoë peil van ontwikkeling wat hul op alle terreine met hul intellektuele onderbou en arbeidsaamheid tot stand gebring het. Die Afrika mens wat weinig skeppings begrip het, se oorwegende analise van die wyse waarop sodanige vooruitstrewendheid verwerf kon word, is dat dit iewers met verloop van jare gesteel moes wees. Daarom word die blankes se besittings as 'n oopgroef myn deur die politieke heersers beskou wat met "reg" geplunder kan word.

Te midde van die geestelike verwoesting waarmee liberale humanisme ons volk oorspoel, het JHWH(die HERE) tog volgens belofte nogeens 'n kiemplantjie behou.

So het die GEES die Volksvergadering 2009 gelei om vanuit hierdie wanhoopstoestand terug te draai na die ou weë om te bepaal waar ons hulp in die verlede vandaan gekom het en te kyk waar die volk haar padkaart laat lê het. Die padkaart is weer gevind waar dit by Paardekraal vergete gebly het. Die vrywordingskoers is duidelik nagespeur. Daar is net een pad van herstel. Ons volk moet haar elende en geringheid weereens besef. Daar is net een skuilplek vir redding, nl. by ons GOD, die HERE(JHWH). Die vuur moet brand gesteek word tot die brandende begeerte om opnuut vir HOM 'n Verbonds volkshuis op te rig in ooreenstemming met wat ons MEESTER geleer het, nl. "Laat U koninkryk kom soos in die Hemel net so ook op die aarde. "Dus, die KONING van vrede wat in die Hemel is, moet ook SY aardse koninkryk bestuur. Volgens die belofte, sal daar uiteindelik in die finale vryheids anale van ons volk opgeteken staan:"...en die HERE het die Gees van die hele oorblyfsel van die volk opgewek"(Hag.1:14c).

Hierdie Gees behels die opwekking van 'n onblusbare ywer by die Geloftevolk burgers om hul voor te berei as waardige boustene ter stigting van die volkshuis as 'n Koninklike priesterdom(1Pet.2:9). Hierdie gewyde (Gelofte)volk se eenheidsbeleving sal geleë wees in geestelik geïnspireerde burgerskap in 'n soewereine volksgemeente, versorg en regeer deur die MELGISEDEK KONING/HOë PRIESTER van Israel aan die Regterhand van JHWH(ons VADER). Geen demokratiese stelsel waar die reg van die mens hoogty vier kan dit akkomodeer nie.

Die skrif maan ons as verbondsvolk ook duidelik om die roede van JHWH waar te neem en ons te wend tot selfondersoek en geestelike rehabilitasie.

Verder moet ons ons in die geloofsverwagting voorberei vir die dag wanneer dit die HERE(JHWH) sal behaag om ons lot voor ons oë te verander en ons vyande weg sal vee sodat ons SY lof kan verkondig.(Sef.3) Die voorbereiding behels onder andere die volgende:

a)Die bewuswording dat die volksgeloftes nie ten uitvoer gebring kan word in enige demokratiese stelsel nie.

b)Geestelike hervorming en geloofsversterking om die ondernemings van die geloftes gestand te doen,.

c)Statutêre voorbereiding vir die ordening van 'n Teokratiese volkshuis.

d)Die geloofsekerheid dat die Geloftevolk weer die geleentheid sal kry om die drumpel van JHWH te verhef bo die gode van die huidige politieke heers.